

# Kry Irrigation Unlimited se selfloop-kanonspuit: Jou gesaaides sal jou bedank



Van ver af wonder jy jou aan die verrissende stroom water wat oor die mielies spuit wanneer jy op pad is na Redrock Broiler Breeders naby Magaliesburg. Die mielies self glimlag met 'n voltandbek soos net 'n mielie kan lag wat gereeld met 'n persoonlike reënbui bederf word.

Dit is presies wat die grootmeneer-kanonspuit van Irrigation Unlimited doen. Die Ocmis R2/2 baai die mielies met 'n egalige waterval onder die hoofstroom wat 44 tot 45 meter ver spuit.

"Ek was aanvanklik bekommerd dat 'n mens op die punt van die stroom waterskade sou kry, maar daar is glad so 'n probleem nie," sê Christiaan Pistorius wat verantwoordelik is vir die gewasse, beeste en weiding op die uitgebreide hoenderplaas.

"Om die waarheid te sê, die mielies kry duidelik almal ewe veel water want hulle groei egalig; daar is nêrens hoër of laer plante nie."

Hy is ook beïndruk daarmee dat daar geen uitvalhoeke in die land is, soos wat 'n mens met 'n spilpunt kan kry nie. Daar is ook 'n spilpunt op die plaas wat sorg vir 50 hektaar mielies en Christiaan kan dus sinvolle vergelykings tref.



**Christiaan Pistorius van Redrock Broiler Breeders sê sy mielies lyk mooi en daar is geen uitvalhoeke in die land nie, danksy Irrigation Unlimited se Ocmis Hard Hose Traveller.**

Hy sê die spilpunt doen ook goeie werk, maar daar is 'n paar voordele aan die kanonspuit, waarvan die grootste die lae koste is. "Ek kan drie kanonne koop vir een spilpunt se prys en dan kan ek dit makliker op verskillende plekke aanwend. Daarby benodig my kanon 65 000 liter water per uur teenoor die spilpunt se 110 000 liter vir amper dieselfde werk."

Die plaas se eerste Ocmis-spuit het oor die afgelope drie jaar so goed vir hulle gewerk, dat hulle nou onlangs nog twee bygekoop het. Daar is 83 hektaar mielies onder die kanonne en die een kanon sorg ook vir so 70 hektaar aangeplante weiding en lusern wanneer die reën te lank wegbly.

Christiaan sê die ander groot voordeel is dat daar nou een ding minder op die plaas is wat opgepas moet word. Hy moet sorg vir wagte om die mieliediewe weg te hou en wagte om die beesdiewe af te skrik, maar die kanon klap-klap rustig voort, want hy het geen kabel of motor wat enige aantrekkingskrag vir diewe inhou nie.

## Hoe dit werk

Die Ocmis se water word regstreeks uit 'n besproeiingsdam na 'n toevoerpunt in of langs die mielieland gepomp, waarheen die eenheid gesleep en gekoppel word. Christiaan het sy toevoerpunte 90 meter uitmekaar geplaas in plaas van die voorgeskrewe 88, maar dit werk steeds goed vir hom. Die kanon se basis, wat ook die rol pyp hou, staan by die kraan. Die verstelbare kanonspuit word op sy eie stel wiele uitgesleep na die punt waar hy moet begin spuit en die pyp word terselfdertyd agter hom uitgerol.

Christiaan gebruik 'n klein Landini-trekker om

die spuit te skuif, maar hy sê 'n stewige viertrekbakkie sal dit ook kan doen.

Die Ocmis R2/2 se pyp is 300 m lank en 100 mm dik en die spuit vereis waterdruk van 4,3 tot 10,4 bar. 'n Wateraangedrewe ratkas katrol die pyp stadig in en sleep so die karretjie met die spuit terug na die katrolsleepwa teen 'n spoed wat op die ratkas verstel kan word. As jy jou Ocmis R2/2 stel om 25 mm water toe te dien, neem hy elf uur om die 300 meter af te lê. Twee tot drie hektaar kan op een so 'n lopies van 300 m benat word, afhangende van die waterdruk. Die vloei-tempo wissel van 37 380 tot 79 200 liter per uur.

Irrigation Unlimited het ook 'n verskeidenheid ander modelgroottes beskikbaar soos die R1/1 met sy pyp van 75 mm breed en 220 m lank, wat tussen 1,23 en 1,85 hektaar met een lopies kan natgooi tot die kleinboet in die Ocmis-reeks, die MR (Micro Rain) met 'n pyp van 40 mm breed en 130 m lank.

Onderdele vir al die stelsels en 'n volledige werkswinkel is deel van die diens.

Christiaan is ook baie tevrede met Tobie van den Heever van Irrigation Unlimited se diens en vinnige aflewering. Hy sê: "Ons het nog nooit 'n ernstige probleem met een van die spuite gehad nie, maar Tobie het al twee keer kom kyk of alles reg loop en ons kon met hom praat oor afslag omdat ons twee stelsels saam gekoop het." 🚗

Verskuif die grense van jou besproeiing met Irrigation Unlimited se hulp. Kontak Tobie van den Heever by 012-736-2121, 082-658-6054 of [tobie@iunlimited.co.za](mailto:tobie@iunlimited.co.za). Die webwerf is [www.iunlimited.co.za](http://www.iunlimited.co.za).



**Christiaan stel sy klapspuit om net 'n halfsirkel op 'n slag te spuit, sodat die spuitkarretjie op droë grond terug kan beweeg na die katrol.**